

**8 Desember**

**Skrifgedeelte: Lukas 15:1-24**

**Fokusgedeelte: Lukas 15:12**

### **Die verlore seun**

Die jongste van twee seuns was nie meer tevrede met sy vaderhuis nie. Die sonde en die wêreld het vir hom aantrekliker voorgekom. Hy vra sy deel van die erfporsie, maak dit tot geld en vertrek na 'n ver land. Daar verkwis hy alles. Op die ou end pas hy varke op. Dit was vir 'n Jood die mees vernederende werk. Dan kom die hongersnood in die land, maar ook in sy lewe. As mens die pad van die sonde tot die einde geloop het, kom die honger en die kommer. Die genot en plesier hou op. Sy liggaam word swak en sy siel word arm en leeg. Hy is alleen. Sy vriende van weleer het die rug op hom gekeer. Sy dagloon is so klein dat hy nie genoeg het om van te lewe nie. Hy vra of hy van die peule van die broodboom, wat varkkos was, kon eet. Mense het dit slegs in tye van groot nood geëet. Hy dink nou aan die vol tafels in die huis van sy pa. Dan kom hy tot inkeer. Die terugkeer is moeilik. Die kwelvraag is of sy pa hom weer sal aanneem. Om die rede besluit hy dat hy nie sal pleit om as seun aanvaar te word nie, maar as iemand met die stand van 'n huurling, wat laer was as diè van 'n slaaf. Sy pa gee hom nie die geleentheid om hierdie versoek te rig nie. Hy word dadelik in ere herstel en kry nuwe klere, skoene en 'n ring. Daar word selfs 'n groot fees gereël. Hy het woorde van toorn verwag, maar ontvang niks anders as liefde nie. Waarom? Omdat hy nie in hoogmoed met eise gekom het nie, maar nederig en gebroke. Die pa in die verhaal is beeld van ons hemelse Vader, wat nie net regverdig is nie, maar ook barmhartig en genadig.

**Sing: Psalm 25:3 Ds HA Louw (Emeritus)**